UNIVERSITEIT VAN JOHANNESBURG

# DEPARTEMENT REKENINGKUNDE

# BELASTING 2A

## LAASTE ASSESSERINGSGELEENTHEID: 6 NOVEMBER 2014

**TYD: 2½ Ure** **PUNTE: 125**

**ASSESSORS:** Me S Erasmus

**MODERATORS:** Me S Mostert

**INSTRUKSIES VIR KANDIDATE**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye ingesluit Bylaes A.
2. U mag **NIE** in potlood skryf nie**. GEEN** "tippex" mag gebruik word nie.
3. Die punte aangedui langs elke afdeling van wat van u verlang word, moet as aanduiding dien van die verwagte lengte en detail wat u antwoord moet wees.
4. Gebruik die volgende in u beantwoording:
   - effektiewe struktuur en aanbieding;
   - duidelike verduidelikings;
   - logiese redenasies; en
   - duidelike taalgebruik.
5. Toon alle berekeninge duidelik, rond af tot die naasste Rand.

| Vraag | Punte | Tyd beskikbaar (minute) |
|---|---|---|
| 1 | 20 | 24 |
| 2 | 45 | 54 |
| 3 | 45 | 54 |
| 4 | 15 | 18 |
| **Totaal** | **125** | **150** |

**VRAAG 1** **20 PUNTE**

Beantwoord al die onverwante vrae afsonderlik.

1.1 Verskaf die lys van voordele beskikbaar aan ŉ Kleinsakekorporasie. **3 PUNTE**

1.2 Phillip Young is nie gewoonlik woonagtig in Suid-Afrika nie. Hy het sake belange in Suid-Afrika en spandeer baie van sy tyd in die land. Gedurende die laaste paar jaar het hy die volgende aantal dae in die land gespandeer:

| | |
|---|---|
| 2014 | 200 |
| 2013 | 102 |
| 2012 | 190 |
| 2011 | 96 |
| 2010 | 99 |
| 2009 | 101 |
| 2008 | 300 |

Verduidelik of Philip ŉ inwoner of nie-inwoner van Suid-Afrika sal wees vir die 2014 jaar van aanslag. **4 PUNTE**

1.3 Jenny Jones het twee maal geld gewen in die 2014 jaar van aanslag. Sy het vir die eerste maal in haar lewe ŉ perderywedren bygewoon as deel van ŉ werksfunksie by die Turfontein Renbaan in Johannesburg. Daar het sy R10 000 gewen op die hoofwedren. Sy het ook op vakansie gegaan na Amerika gedurende die jaar. Gedurende haar vakansie het sy in Las Vegas oorgebly en daar gedobbel. Sy het in rand terme R5 000 gewen.

**VERLANG:**
Bespreek kortliks of die bedrae ingesluit moet word in Jenny se bruto inkomste in die 2014 jaar van aanslag, asook enige ander moontlike belasting gevolge van die bedrae gewen. **7 PUNTE**

1.4 ABC (Edms) Bpk het die volgende onkostes in die 2014 jaar van aanslag aangegaan:

a) R120 000 oorsese reiskoste vir twee van hul direkteure wat na Brazil gaan om ŉ nuwe masjien te koop vir hul fabriek.
b) R3 000 op ŉ kennisgewingbord vir ŉ advertensie wat in plek gaan bly vir ŉ jaar.
c) R5 000 se mediese uitgawes vir ŉ werknemer wie se hand gesny was terwyl hy met een van die fabriek se masjiene gewerk het.

**VERLANG:**
Bespreek kortliks of die bogenoemde uitgawes aftrekbaar is in terme van die Algemene Aftrekkings formule, a11(a). **6 PUNTE**

---

**VRAAG 2** **45 PUNTE**

Evodia Dube is ŉ 48 jarige Suid-Afrikaanse inwoner en werk as ŉ klerk in ŉ bank. Sy is geskei al vir 6 jaar en het 2 kinders. Om addisionele inkomste te verdien het sy haar eie besigheid by haar huis begin te bedryf, deur as 'n alleeneienaar, koeke te bak. Sy verskaf koeke en kolwyntjies vir allerlei geleenthede. Sy is nie geregistreer as ŉ BTW ondernemer nie.
Die volgende inligting hou verband met die 2014 jaar van aanslag.

1. Jaarlikse Salaris R400 000

2. Bo en behalwe haar salaris vir die jaar ontvang het Evodia ŉ jaarlikse toelaag van R3 000 vir die aankoop van die bank se uniform. Daar word van haar vereis om dit aan te trek wanneer sy by die bank werk. Dit is vlootblou pakkie met ŉ broek of romp. Woolworths verskaf die pakkie as deel van hul "Corporate Collection Range".

3. Die maandelikse werknemersbelasting betaal aan die SAID deur haar werkgewer beloop R8 000

4. Verkoop van koeke R20 000

5. Maandelikse onderhoud ontvang vanaf haar eks-man. R9 000

6. Dividende ontvang vanaf ŉ belegging in ŉ plaaslike maatskappy R4 000

7. Rente inkomste vanaf plaaslike beleggings R27 000

8. In 2010 het Evodia R300 000 geërf vanaf haar bestorwe tante se boedel. Sy het die geld gebruik om ŉ jaargeld aan te koop. Die jaargeld betaal R3 000 uit per maand vir 10 jaar. Sy het haar eerste betaling ontvang in Januarie 2011. Bo en behalwe die enkelbedrag ontvang, kry sy ook R500 per maand uit die oorlede tante se boedel tot en met wanneer haar kinders die ouderdom van 21 jaar bereik.

9. In Mei 2013 het Evodia getrek na ŉ ander huis. Die huis waarin sy gebly het sedert 2008 was nie meer geskik nie. Dit het haar R1 200 000 gekos toe sy dit gekoop het. Sy het die huis verkoop vir R2 800 000. Die nuwe huis wat sy aankoop het, het haar R3 500 000 gekos.

10. Gedurende die 2014 jaar het Evodia die volgende bates verkoop:

| | **Koste (R)** | **Verkoop vir (R)** |
|---|---:|---:|
| Skilderye | 10 000 | 14 000 |
| Kruger Rande | 2 000 | 7 000 |
| Tyddeel in ŉ vakansie oord | 7 000 | 5 000 |
| Vakansiehuis in die Oos-Kaap | 1 000 000 | 1 400 000 |

11. In die 2013 jaar van aanslag het Evodia ook ŉ aantal bates verkoop en ŉ kapitale wins van R40 000 gemaak daarop.

12. Die nuwe huis was ideaal omdat daar ŉ aparte kothuis was wat Evodia kon gebruik as bakkery. Die huis was 450 vierkante meter in totaal en die kothuis het 54 vierkante meter daarvan opgemaak. Sy gebruik die kothuis alleenlik vir die bak van koeke vir haar besigheid. Evodia se lenings se terugbetalings vir die jaar op die nuwe eiendom was R150 000 waarvan R100 000 van die betaling bestaan het uit rente.

13. Op 1 Junie 2013 het Evodia ŉ topverkoper oond aangekoop vir haar bakkery teen ŉ totale koste van R300 000. Sy het dit onmiddellik in gebruik geneem. Die SAID laat toe vir ŉ 6 jaar afskryfperiode vir oonde. Die bak van koeke word nie gereken as ŉ proses van veraardiging te wees nie.

14. Nou dat sy meer spasie het om bestandele te stoor het Evodia begin om haar bakbestandele te begin koop op grootmaat. Sy het R45 000 gespandeer om bestandele aan te koop gedurende die 2014 jaar van aanslag en het R10 000 se ongebruikte bestandele voorhande gehad in haar stoorkamer.

15. Evodia het webontwerper betaal om ŉ webbladsy te ontwerp en op te stel vir haar koekbakbesigheid. Sy het R10 000 aan hom betaal in Augustus 2013 vir die aanvanklike ontwerp en betaal hom ŉ verdere R200 per maand vanaf 1 September 2013 om die webblad te onderhou en op te datteer met enige nuwe prente en inligting wat sy het oor haar koeke.

16. Evodia betaal haar kinders se skoolgeld. Sy betaal dit jaarliks vooruit om voordeel te trek uit die afslag wat die skool dan gee, sou iemand vooruitbetaal. Sy het R30 000 in total betaal in Januarie 2014 vir die jaar se skoolfonds, wat haar R6 000 in totaal gespaar het.

17. As gevolg van haar koekbak inkomste, is Evodia ŉ voorlopige belastingpligtige. Sy betaal haar 1ste betaling van R2 000 op 31 Augustus 2013. Haar geraamde belasbare inkomste vir die 2014 jaar van aanslag beloop R500 000. Sy het haar 2013 aanslag ontvang vanaf die SAID op 20 Januarie 2014 was ŉ belasbare inkomste van R520 000 getoon het. Sy het haar 2012 aanslag ontvang van die SAID op 30 September 2013 wat ŉ belasbare inkomste getoon het van R430 000.

**VERLANG:**

A. Bereken Evodia Dube se belasbare inkomste vir 2014 **35 PUNTE**
Toon alle berekeninge duidelik.
Waar ŉ bedrag/transaksie nie jou berekening beïnvloed, verskaf die rede waarom nie. .

B. Bereken Evodia Dube se tweede voorlopige belasting betaling, toon duidelik wanneer die betaling gemaak moet word. **10 PUNTE**
Toon alle berekeninge duidelik.

**VRAAG 3** **45 PUNTE**

AB Electronics (Edms) Bpk vervaardig selfone en "tablets". Hierdie is 'n proses van vervaardiging soos gedefinieer. Die maatskappy het 'n 30 September jaareinde.

**Die maatskappy is 'n geregistreerde BTW ondernemer en dryf handel met ander BTW ondernemers tensy spesifiek anders vermeld.**

Die volgende inligting hou verband met die maatskappy se 2014 jaar van aanslag.

1. Verkope ingevolge die Proefbalans R4 000 000

2. Aankope ingevolge fakture ontvang R1 710 000

3. Rou material voorhande volgens die voorraad rekords:
   3.1. 2013 – R300 000
   3.2. 2014 – R200 000

4. AB Electronics skenk "tablets" aan 'n plaaslike weldaadsorganisasie met 'n kosprys van R12 000 (uitsluitend BTW) en die 'n markwaarde van R25 000 (uitsluitend BTW). Hulle ontvang 'n A18A sertifikaat vir die skenking.

5. Salarisse en lone betaal R700 000

6. AB Electronics het hul fabriek nuut en ongebruik gekoop vanaf 'n nie-ondernemer in 2011 vir R900 000. Die grond verteenwoording R200 000 van die koste.

7. Hulle huur die kantoorspasie gebruik vir die hoofkantoor. Die huuruitgawe ingevolge die faktuur is R6 270 per maand. Die direkteure het die kantoorspasie gebruik sedert 1 Februarie 2014.

8. Masjienerie:

   8.1. Masjien A was nuut aangekoop en in gebruik geneem op 1 Maart 2012. Die maatskappy het R1 368 000 betaal vir die masjien. Die masjien was verkoop op 30 Junie 2014 vir R1 482 000.

   8.2. Masjien B was tweedehands aangekoop vanaf 'n nie-ondernemer op 1 Maart 2014. Die kontantprys betaal beloop R228 000. Masjien B was deur weerlig geslaan uitgeslaan in Augustus 2014. Dit was verkoop vir skroot aan 'n nie-ondernemer vir R34 200.

   8.3. 'n Nuwe masjien, Masjien C, was aangekoop en in gebruik geneem op 1 September 2014 teen 'n kontantkoste van R456 000.

9. Die maatskappy het slegte skuld afgeskryf aangeteken in hul debiteure grootboek ter waarde van R7 980.

10. Die maatskappy betaal die volgende jaarlikse annuïteit (vrygestel van BTW) gedurende die 2014 jaar van aanslag aan:
    - 10.1. ʼn Voormalige werknemer wat afgetreë het, om verder te studeer – R6 000
    - 10.2. Die afhanklikes van ʼn voormalige werknemer, wat tot sterwe gekom het - R8 000

**VERLANG:**
Bereken die inkomstebelastingverpligting van AB Electronics op 30 September 2014.
Indien ʼn bedrag nie jou berekening affekteer nie, verskaf ʼn rede hoekom.
Toon alle berekening duidelik.

---

**VRAAG 4** **15 PUNTE**

Goo Goo Dolls is ʼn inwoner maatskappy geregistreer vir BTW. Die maatskappy is verkoop speelgoed en poppe. Goo Goo Dolls (GGD) het ʼn Februarie jaareind. Die maatskappy was gestig op 1 Maart 2013. (Alle bedrae sluit BTW in waar toepaslik).

Gedurende die jaar geeïndig 28 Februarie 2014, het die maatskappy nuwe handelsvoorraad aangekoop vir ʼn bedrag van R410 400. Al hierdie aankope is vanaf ondernemers. GGD se verkope vir die jaar beloop R796 600. Ingesluit in die bedrag, is daar R10 000 verkoop aan klante in Australië, ook daar afgelewer. Die maatskappy het ook rente verdien ter waarde van R7 890 gedurende die jaar op hul spaarrekening.

Op 15 Maart 2013, het GGD 5 gebruikte rekeknaar van 2 verskillende verskaffers gekoop om die administrasie en algemene bestuur van die besigheid te behartig. Drie van die rekenaars was aangekoop vanaf nie-geregistreerde ondernemers and 2 vanaf geregistreerde ondernemers. Die vergoeding betaal vir die rekenaars was R5 000 elk. Die opemarkwaarde op die aankoopdatum was R4 200 elk. GGD het die volledige bedrag betaal vir die rekenaars met die aankoop op transaksie datum.

GGD het ʼn VW Polo Playa (passasiersvoertuig) op 1 Februarie 2014 aangekoop vir R130 000.

Die maatskappy koop dan ook ʼn nuwe afleweringsvoertuig aan op 2 Januarie 2014 vir R87 500. Die petrol aangekoop vir die voertuig beloop R1 140.

Gedurende Desember 2013 het die maatskapy een van sy rekenaars verkoop aan New Found Glory vir R2 500. New Found Glory is ʼn nie-geregistreerde ondernemer.

Gedurende November 2013, het daar ʼn vuur ontstaan in een van die handelspersele en van die handelsvoorraad vernietig, sowel as die dak van die gebou. Herstelwerk om die skade aan die gebou reg te maak het R21 000 beloop. GGD ontvang ʼn skadeloosstellingsbetaling ter waarde van R18 900 vir hierdie skade en R5 000 vir die vernietigde handelsvooraad.

GGD het salarisse en lone betaal ter waarde van R200 000 gedurende die jaar.

**VERLANG:**
Toon die BTW impak vir Goo Goo Dolls se 2014 jaar van aanslag. Gee kortliks ʼn omskrywing vir enige bedrag ingesluit/uitgesluit vir doeleindes van die berekening van BTW. Alle BTW bedrae moet afgerond word tot die naaste Rand. Toon duidelik die verskil tussen inset- en uitsetbelasting (bv deur middel van die gebruik van twee kolomme).

*Bron: Questions on SA Tax (aangepas)*

**BYLAAG A**

**Koerse van belasting**

**NATUURLIKE PERSONE EN PERSONE ANDERS AS MAATSKAPPYE EN TRUSTS (MAAR INGESLUIT SPESIALE TRUSTS EN INSOLVENTE EN BESTORWE BOEDELS)**

*Jaar van aanslag wat begin op 1 Maart 2013*

| **Belasbare inkomste** | **Koerse van belasting** |
|---|---|
| R 0 - R 165 600 | 18% |
| R 165 601 - R 258 750 | R 29 808 + (25% van die bedrag bo R165 600) |
| R 258 751 - R 358 110 | R 53 096 + (30% van die bedrag bo R258 750) |
| R 358 111 - R 500 940 | R 82 904 + (35% van die bedrag bo R358 110) |
| R 500 941 - R 638 600 | R 132 894 + (38% van die bedrag bo R500 940) |
| R 638 601 en bo | R 185 205 + (40% van die bedrag bo R638 600) |